

Hoofstuk van die dag: Jesaja 60

Bedags sal dit nie die son wees wat vir jou lig gee nie, snags sal dit nie die maan wees wat oor jou skyn nie: die Here sal vir jou ’n ewige lig wees, en jy sal roem in jou God. (vers 19)

Hierdie profesie van Jesaja het natuurlik nog nie in sy tyd gerealiseer nie. Ons weet dat dit eers met die Here Jesus se tweede koms ’n werklikheid sal wees in die Nuwe Jerusalem, soos Op 21:23 vertel.
Hoekom dan hierdie profesie, wat eers aan die einde van die tyd sal realiseer? Hoe het dit die Jode gehelp? Hoe help dit ons vandag?
Ek dink ons kan twee dinge hieroor sê. Die een is dat God met die wêreld en met ons op pad is. Hy weet wat Hy doen en waar Hy uiteindelik gaan uitkom met alles. Die tweede ding is dat dié profesieë ons hoop gee; die spreekwoordelike lig aan die einde van die tonnel. Alles sal nie so hopeloos en in sonde vasgevang bly soos dit nou is nie. Daar kom beslis ’n dag dat alles anders sal wees. Die dag waarna elke gelowige verlang, wanneer die verdrukking en versoeking en gevare sal verdwyn en daar vreugde sonder einde in God se teenwoordigheid sal wees.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026